# LAERSKOOL IMPALA

## KULTUURBELEID

**A.** **INLEIDING**:

Die Kultuurbeleid is November 2025 hersien en ons deel graag die hersiene beleid met u.

Daar is besluit dat **SLEGS** die volgende kultuuraktiwiteite vir Erekleure in aanmerking geneem word.

Die aktiwiteite sluit in:

1. Nova Arté - Kunsdwedstryd
2. Redenaars/Spanredenaars
   - Interne Redenaars: Afrikaans<br>Engels
   - Groter Kempton Park
   - ATKV
   - Interskole
   - Oppie Tong Af (Uitbrei vereistes)
   - Radikale Redenaars (Uitbrei vereistes)
3. Impala Voortrekkers: Volgens hulle beleid
4. Koor: Hersiene beleid
5. Revue: Hersiene beleid
6. Spreekkoor
7. Toneel

DIE VOLGENDE KULTUURAKTIWITEITE WORD BY LAERSKOOL IMPALA AANGEBIED NL:

**B**1. KUNSWEDSTRYD

Jaarliks word soveel moontlik leerlinge by die Nova Arté Uitvoerende Kunste ingeskryf. Die skool neem aan verskeie items in die Afrikaanse en Engelse afdeling deel. (Bv. voorbereide, onvoorbeide, voorgeskrewe en eie keuse poësie, onvoorbereide lees, solosang, sanggroepe, spreekkoor). Daar is ook leerlinge wat deur private instansies ingeskryf word vir drama, instrumentaal, ballet, klopdanse. Daar word gepoog om die hoogste moontlike standaard te handhaaf.

**(Kunswedstrydaktiwiteite sluit alle kunswedstryditems in soos bv. drama, instrumentaal, vokaal, solosang, dans, kuns, fotografie, model en alle ander moontlike items soos uiteengesit in sillabus wat by Kemptonparkse Kunswedstryd gedoen is).**
***Platforms van belang*: Nova Arté Uitvoerende Kunste, Groter Kempton Park, ATKV, SACOPA, Radikale Redenaars, Oppie Tong Af, Interskole, Conspirito, Op die Planke.**

2. REDENAARS

Elke jaar (Feb. - Afrikaans en Mei - Engels) word die interne Redenaarskompetisie by ons skool aangebied. Vanaf Gr 1 – 7 word leerlinge die geleentheid gebied om in die Afrikaanse of Engelse afdeling of beide deel te neem.
In Graad 1 tot 7 kan ± 15 leerlinge per graad gekies word vir die Afrikaans of Engelse afdeling of beide. Tydens die kompetisie word 2 leerlinge per graad, per afdeling gekies (wenner en naaswenner) om verder deel te neem. Die leerlinge verteenwoordig ons skool dan by die Kempton Parkse Redenaars- kompetisie waar ± 10 ander skole ook deelneem. Leerlinge word deur die skool by die ATKV redenaarskompetisie ingeskryf.

ATKV bepaal hoeveel leerders per graad mag ingeskryf word.

3. VOORTREKKERS
Leerlinge by Laerskool Impala is lid van bv. die Impala Voortrekker-kommando. (Voortrekker beleid)

4. KOOR
Ons skool het 2 kore: ‘n Junior- en Senior koor. Die groepe neem ook deel aan die Nova Arté Uitvoerende Kunste. Daar is verskeie optredes gedurende die jaar by kerke en ouetehuise, asook saam met vermaaklikheidskunstenaars en massakore, Conspirito, ATKV Kempton Koorfees. Daar gaan vanaf 2025 elke jaar ook ‘n Koorkamp wees.

5. REVUE
Revuegroepe nl. die Junior en die Senior Revuegroep. Die groepe neem ook deel aan die Nova Arté Uitvoerende Kunste, Interskole Reeks, SACOPA, Kaleideoscope, 8th Beat.

**C. DIE KRITERIA OM EREKLEURE VIR KUNSWEDSTRYD (NOVA ARTé) TE VERWERF IS SOOS VOLG:**

**1. Puntestelsel:**

Kunswedstrydtoekennings word gemaak op grond van die puntetoekenning wat die leerling jaarliks op die onderstaande kultuur-evalueringskaal verdien.
Die Beheerliggaam van Laerskool Impala huldig die mening dat die kultuurprestasies van ’n leerling wat vir Kunswedstryd-erekleure by hierdie skool in aanmerking kom, van die hoogs moontlike standaarde van kulturele uitnemendheid en gehalte behoort te getuig.

- Slegs leerlinge se 12 hoogste punte verwerf in die kunswedstryd word aanvaar.
- ’n Spesifieke item kan slegs een keer vir die bepaalde toekenning tel .
- Slegs 1 erekleure toekenning per jaar kan verwerf word vir Kunswedstryd in ‘n jaar.
- As ‘n leerling ‘n minimum van 30 punte bymekaar maak, ontvang hy/sy ‘n AANSTEEKBALKIE vir Kunswedstryd. As ‘n leerling 60 punte of meer bymekaar maak ontvang hy/sy EREKLEURE.
- Punte is nie oordraagbaar van een jaar na die volgende jaar nie.
- Revue, Koor en Voortrekkers word apart bepaal en mag nie as een van die 12 punte getel word nie.
- 6 van die items moet Individuele items wees.
- Die Kunswedstrydtoekennings word gemaak slegs aan leerders wat Laerskool Impala verteenwoordig, m.a.w. leerders mag privaat of deur dramaskole ingeskryf word, maar moet te alle tye Laerskool Impala verteenwoordig.

**2 Kultuur-evalueringskaal:**

2.1 Kunswedstryd:

’n Leerder mag SLEGS aan die Nova Arté Uitvoerende Kunste deelneem om in aanmerking te kom vir Kunswedstryd Erekleure of Aansteekbalkie.

Kredietpunte word volgens die persentasie toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| Brons (minder as 70) | - | 1 |
| Silwer (70 - 74) | - | 2 |
| Chroom (75 - 79) | - | 3 |
| Goud (80 - 84) | - | 4 |
| Platinum (85 - 89) | - | 5 |
| Diploma (90 - 94) | - | 6 |
| Prestige (95 - 100) | - | 7 |
| Itemwenner | - | + 2 |
| Afdelingswenner | - | + 6 |

2.2 **Redenaars**

AANSTEEKBALKIE

- 'n Leerder ontvang 'n aansteekbalkie indien hy/sy 'n 2e of 3e plek by Groter Kempton Park of ATKV behaal het (Interskole Redenaars).
- Semi-finaal (2de rondte) van die ATKV - ongeag die posisie wat die leerder behaal.

EREKLEURE

Wenner by ATKV of Groter Kempton Park.
Landsfinaal ATKV ongeag posisie.

2.3 **Koor** – Sertifikaat – 3de by Kunswedstryd (NOVA ARTE)

AANSTEEKBALKIE

Conspirito / Nova Arté Kunswedstryd / ATKV Applous / (minimum van 3 skole)
- Naaswenners

**Kunswedstryd:** Indien daar nie 3 skole deelneem nie kry Koor Aansteekbalkie met persentasie 90% - 94%.

EREKLEURE

Conspirito (minimum van 3 skole) - Hoogste toekenning.
(Koor balkie) – Kunswedstryd wenners
**Kunswedstryd:** Indien daar nie 3 skole deelneem nie, kry Koor Erekleure met persentasie 95% - 100%).

2.4 **Revue** – Sertifikaat – 3de by Kunswedstryd / Interskole Reeks

AANSTEEKBALKIE

Kunswedstryd / Interskole Reeks / Kaleideoscope (minimum van 3 skole)
- Naaswenners

**Kunswedstryd:** Indien daar nie 3 skole deelneem nie kry Revue Aansteekbalkie met persentasie 90% - 94%.

EREKLEURE

Kunswedstryd / Interskole Reeks / Kaleideoscope (minimum van 3 skole) - Hoogste toekenning.

**Kunswedstryd:** Indien daar nie 3 skole deelneem nie, kry Revue Erekleure met persentasie 95% - 100%).

SACOPA Wenners - Erekleure
Interskole Wenners - Erekleure

2.5 **Spreekkoor**

AANSTEEKBALKIE

Tweede plek behaal by enige van die genoemde platforms in B1 genoem en onderhewig aan die volgende vereistes:
- Minimum van 92% moet behaal word.
- Minimum van 3 skole moet in dieselfde kategorie deelneem.

EREKLEURE

Eerste plek behaal by enige van die genoemde platforms in B1 genoem en onderhewig aan die volgende vereistes.

- Minimum van 95% moet behaal word.
- Minimum van 3 skole moet in dieselfde kategorie deelneem.

2.6 **<u>Spanredenaars</u>**

<u>AANSTEEKBALKIE</u>

Tweede plek / Naaswenners behaal by enige van die volgende kompetisies:
Radikale Redenaars / Oppie Tong Af / Interskole / ATKV, onderhewig aan die volgende vereistes:

- Minimum van 92% moet behaal word.
- Minimum van 3 spanne moet in dieselfde kategorie deelneem.

<u>EREKLEURE</u>

Eerste plek / Itemwenners by enige van die volgende kompetisies:
Nova Arté Utvoerende Kunste / Radikale Redenaars / Oppie Tong Af / Interskole / Op die Planke
ATKV, onderheweig aan die volgende vereistes:

- Minimum van 95% moet behaal word.
- Minimum van 3 spanne moet in dieselfde kategorie deelneem.

2.7 **<u>Toneel</u>**

<u>AANSTEEKBALKIE</u>

- Kunswedstryd
- Minimum van 3 skole. Naaswenners met ‘n minimum van 90% (Diploma)
- SACOPA

<u>EREKLEURE</u>

- Kunswedstryd
- Minimum van 3 skole. Wenners met ‘n minimum van 95% (Prestige)

2.8 **<u>Kultuur – Buitemuurs</u>**

**<u>Voortrekkers</u>**:

Punte word deur die Impala Voortrekkerkommando bepaal en aan die skool gestuur. (Beleid op aanvraag). Nasionale vlak – Behaal posisie 1 – 3.

**3 <u>Verantwoordelike persoon:</u>**

’n Persoon is in die Grondslagfase en Intersenfase onderskeidelik aangewys om jaarliks rekord te hou van elke leerling se prestasie. ’n Behoorlike stelsel van Rekordhouding is ontwerp.

Leerlinge wat in aanmerking wil kom vir ‘n Aansteekbalkie of Erekleure moet by die betrokke kultuurhoofde ’n vorm afhaal waarop hulle prestasies aangeteken gaan word deur die ouer. Elke vorm moet vergesel word van <u>afskrifte</u> van die sertifikate, puntetoekennings en medaljes. Let asb. op die sluitingsdatum!

**4 <u>Kultuurtrofeë</u>**

a) Beste presteerder in Intermediêre Fase
b) Beste Presteerder in Kunswedstryd (Grondslagfase) – Soos punte bepaal
c) Beste Presteerder in Kunswedstryd (Senior Fase) – Soos punte bepaal
d) Senior Kultuurleerling (Graad 4-6) (minimum van 30 punte) – Soos punte bepaal
e) Redenaars
   - Tweetaligheidstrofeë
   - Seun
   - Dogter
f) Kultuurseun (Gr 7)
g) Kultuurdogter (Gr 7)

Bg. Trofeë word ook net toegeken as daar ‘n leerder is wat daarvoor kwalifisieer.

Om as bv. Kultuurseun of Kultuurdogter (Gr. 7) aangewys te word, moes die seun/dogter aan ‘n verskeidenheid aktiwiteite deelgeneem het om te kwalifiseer en ‘n minimum van 30 punte behaal (Sien bylaag).

**D.** **Belangrike nuwe inligting**

1. Slegs die volgende gaan in aanmerking geneem word vir Kultuurtoekennings.

a) Nova Arté Uitvoerende Kunstefees.
**GEEN** ander Kunswedstryd / Kunsfees / Talentfees / SA Kampioenskappe / SATCH / Dramaskool / ens. gaan in berekening gebring word NIE!

b) Slegs aktiwiteite wat deur Laerskool Impala aangebied word, gaan erkenning by die prysuitdeling kry.

c) Alle Kultuuraktiwiteite BUITE skoolverband word glad nie meer in aanmerking geneem vir Kultuur erekleure nie.
Die onderskeie instansies gee erkenning aan die leerders en leerders kry ook erkenning tydens saalopening.
Dit is byvoorbeeld: Modelwerk, Dans, Ballet, Skoonheidskompetisies, Redenaars (anders as reeds genoem).

d) By die bepaling van die Kultuurseun en -dogter en Veelsydigste seun en dogter gaan SLEGS die volgende aktiwiteite in berekening gebring word.
- Nova Arté Uitvoerende Kunste
- Koor
- Revue
- Redenaars: Intern, Groter Kempton Park en ATKV (Interskole 2022), Interskole Reeks
- Impala Voortrekkerkommando
- Spreekkoor
- Toneel
- Spanredenaars

Dit is wat die Kultuur aanbetref.

e) Indien ‘n leerder Erekleure verwerf ongeag of dit die eerste, tweede of derde keer is, bly die bewoording:
EREKLEURE: Kultuur

f) Erkennings word jaarliks bepaal.

**NS**: Deelname aan Interskole Reeks – Minimum van 6 skole en behaal 1ste Plek - Erekleure.

---oOo---

***Hersien November 2025***